

bw/

Rapporteerbaar

DIE HOOGSTE HOF VAN APPÈL
VAN SUID-AFRIKA

Saaknommer: 193/96 (SIH)

Insake die appèl van

H J ODENDAAL

Appellant

en DIE KOMMISSARIS VAN BINNELANDSE INKOMSTE Respondent

Coram: VAN HEERDEN AHR, HEFER, MARAIS, SCHUTZ ARR en
MELUNSKY Wnd AR

Datum van Verhoor: 19 Februarie 1998

Datum gelewer: 13 Maart 1998

UITSPRAAK

VAN HEERDEN AHR

Ingevolge artikel 26(1) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 word die belasbare inkomste van iemand wat 'n boerdery beoefen (" 'n boer"), vir sover dit uit sy boerdery verkry word, ooreenkomstig die bepalings van die Wet, maar met inagneming van dié van die Eerste Bylae daartoe, vasgestel. Kragtens paragraaf 12(1) van die Bylae word daar, behoudens die bepalings van onder andere sub-paragraaf (3), by die vasstelling van die belasbare inkomste van 'n boer 'n aftrekking toegestaan van koste wat hy gedurende die betrokkejaar van aanslag aangegaan het ten opsigte van items (a) tot (i) vermeld in paragraaf 12(1).

Koste aangegaan betrefende items (c) tot (j) staan blykbaar bekend as kapitale ontwikkelingskoste en ek sal dit bloot ontwikkelingskoste noem (Totdat dit deur art.45(b) van Wet 113 van 1993 geskrap is, was daar ook 'n item (j) maar die wysiging is nie ter sake vir huidige doeleindes nie.)

Soos later meer volledig sal blyk, word ontwikkelingskoste wat 'n boer

gedurende 'n jaar van aanslag (hierin 'n belastingjaar genoem) opgeloop het, in sekere gevalle in die geheel of gedeeltelik oorgedra na die volgende belastingjaar en geag sodanige koste te wees wat hy gedurende laasgenoemde jaar aangegaan het. Indien die boer gedurende 'n belastingjaar 'n verlies vanweë sy boerdery gely het (sonder inagneming van ontwikkelingskoste), word die volle koste aldus oorgedra.

Dit is die praktyk van die respondent om ten opsigte van 'n belastingjaar van 'n boer 'n kennisgewing van aanslag sowel as 'n IB48 vorm te laat uitreik. In so 'n vorm word onder die opskrif "Berekening van Belasbare Inkomste uit Boerderybedrywighede" besonderhede uiteengesit van die boer se bedryfsinkomste en -uitgawes, en word 'n bedrag vermeld as synde óf belasbare inkomste óf 'n aangeslane verlies. Daaronder word voorsiening gemaak vir die

invul van besonderhede van ontwikkelingskoste; naamlik die saldo oorgedra vanaf die vorige jaar, koste aangegaan gedurende die betrokke belastingjaar, die bedrag as aftrekking toegelaat vir laasgenoemde jaar, en die saldo oorgedra na die volgende jaar. Indien 'n boer gedurende die betrokke belastingjaar 'n verlies gely het, volg uit wat reeds gesê is dat in die IB48 vorm geen bedrag as aftrekking toegelaat word nie, en dat die saldo oorgedra vanaf die vorige jaar (indien enige) plus die ontwikkelingskoste aangegaan gedurende die betrokke jaar (indien enige) as saldo na die volgende jaar oorgedra word.

Gedurende die belastingjare 1984 tot 1991 het die appellant in die distrik van Standerton geboer. In elk van die 1984 tot 1990 jare het hy 'n verlies gely en nie 'n belasbare inkomste gehad nie. In die state voorberei deur sy rekenmeester, wat sy opgawes vergesel het, is telkens die saldo van ontwikkelingskoste wat van die vorige jaar oorgebring is, vermeld; daaronder

besonderhede van sodanige koste aangegaan in die betrokke belastingjaar uiteengesit, en dan die totaal van die saldo en laasgenoemde koste bereken.

Wat betref die 1984, 1986 en 1987 belastingjare is egter rekenkundige foute by die invul van elke van die toepaslike IB48 vorms begaan. Dié was in hoofsaak daaraan te wyte dat bogenoemde totaal, in plaas van slegs die betrokke jaar se ontwikkelingskoste, op elk van die vorms ingevul is as die koste wat in daardie jaar aangegaan is. Dit het meegebring dat in die 1984 tot 1990 IB48 vorms foutiewe saldos na elk van die daaropvolgendejare oorgedra is. Wat betref die 1986 en 1987 belastingjare was daar dus 'n tweeledige fout; nie net was die saldo oorgebring vanaf die vorige jaar verkeerd nie, maar is 'n onjuiste bedrag as die betrokke jaar se ontwikkelingskoste bepaal. Die gevolg was dat in die 1990 IB48 vorm die saldo oorgedra na die volgende belastingjaar aangedui is as meer as R5 miljoen terwyl dit, as die foute nie begaan was nie,

moes gewees het.

Anders as in die 1984 tot 1990 belastingjare, het die appellant in die 1991 jaar 'n wins gemaak. Toe sy belasbare inkomste bereken is, is bogenoemde fbute nagespeur en in die aanslag vir die 1991 jaar reggestel. Slegs die bedrag van R2 094 511 is dus as aftrekking ten opsigte van ontwikkelingskoste toegelaat. Dit het op sy beurt meegebring dat die appellant volgens die 1991 kennisgewing van aanslag heelwat meer belasting moes betaal as wat die geval sou gewees het indien die saldo wat ooreenkomstig die oorspronklike 1990 IB48 vorm oorgedra was, in aanmerking geneem is. (Daar is later 'n gewysigde kennisgewing van aanslag vir die 1991 belastingjaar uitgereik maar die wysigings daarin vervat is nie tans ter sake nie.)

Ten tye, ofna uitreiking, van bogenoemde kennisgewing van aanslag het die respondent die foutiewe saldo wat volgens die oorspronklike 1990 IB48

vorm na die 1991 belastingjaar oorgedra is, verbeter na R2 094 511. Daar is toe

ook verbeterde vorms vir die 1984 tot 1990 belastingjare uitgereik ten einde die reedsgenoemde foute reg te stel. Besware van die appellant teen die 1991 aanslag en die verbeterde vorms was nie suksesvol en so ook nie 'n appèl wat hy daarna na die Spesiale Inkomstebelastinghof (Johannesburg) aangeteken het

nie. Later is egter aan hom verlof verleen om na hierdie hof te appelleer.

By die verhoor in die hof a quo was dit klaarblyklik nie in geskil nie:

- (a) dat die kernvraag vir beslegting was of die saldo wat volgens die oorspronklike 1990 IB48 vorm na die 1991 belastingjaar oorgedra is, instede van die verbeterde saldo, in die aanslag vir daardie jaar (en gevolglik ook in die gewysigde aanslag) in aanmerking geneem moes gewees het;
- (b) dat elke kennisgewing van aanslag en oorspronklike IB48 vorm vir die

1984 tot 1991 belastingjare op die appellant bestel is op 'n wyse beoog

in art. 106(2) van die Wet, en

(c) dat die respondent nie op die bepalings van art. 79 van die Wet kon steun

nie onder andere omdat die kennisgewing van aanslag vir die 1991

belastingjaar en die verbeterde IB48 vorms uitgereik is meer as driejaar

na die datums van die aanslae en die IB48 vorms vir die 1984,1986 en

1987 belastingjare. (Soos wel bekend, skryf art. 79(1) voor dat die

respondent in omskrewe gevalle 'n gewysigde aanslag moet doen.) Dit

is gewens om op hierdie stadium na die bepalings van 'n aantal

artikels van die Wet te verwys. Vir sover ter sake, word "aanslag" in artikel 1

omskryfas:

"die vasstelling deur die Kommissaris, by wyse van 'n kennisgewing van aanslag bestel op 'n wyse beoog in artikel 106(2)–

(a) van 'n bedrag waarop 'n ingevolge hierdie Wet hefbare belasting

opgelê kan word; of

(b) van die bedrag van so 'n belasting; of

(c) van 'n verlies wat in vergelyking gebring kan word."

Artikel 81(1) van die Wet maak voorsiening vir 'n beswaar teen 'n aanslag en subartikel (5) skryf voor dat indien geen beswaar gemaak is nie die aanslag finaal en afdoende is. Voor ons, en blykbaar ook in die hof a quo. was dit tereg gemene saak dat in 'n geval waarin art. 79 nie van toepassing is nie, sodanige finaliteit intree wat beide die belastingpligtige en die respondent betref (vgl Tumbull v Commissioner for Inland Revenue 1953(2) SA 573 (A) 582). In die afwesigheid van enige tersaaklike beswaar deur die appellant, het die vraag geformuleer in (a) hierbo hom dus gereduseer tot die enger vraag of die vasstelling van ontwikkelingskoste in elk van die 1984, 1986 en 1987 belastingjare 'n aanslag was, of 'n integrale deel was van die aanslag in die

betrokke kennisgewing van aanslag.

Onderhewig aan voorbehoude wat nie vermeld hoefte word nie, bepaal art. 20(1) van die Wet dat ten einde die belasbare inkomste deur 'n persoon verkry uit die beoefening van 'n bedryf in die Republiek vas te stel, teen die aldus verkreeë inkomste in vergelyking gebring word "enige balans van 'n vasgestelde verlies deur die belastingpligtige in 'n vorige jaar gelyk wat van die vorige jaar van aanslag oorgebring is." Vir doeleindes van toepassing van die artikel word "vasgestelde verlies" in subartikel (2), vir sover ter sake, omskryf as " 'n bedrag waarmee die aftrekkings ingevolge artikels 11 tot en met 19 toelaatbaar, die inkomste te bowe gegaan het ten opsigte waarvan hul aldus toelaatbaar is."

Artikel 1 l(x) van die Wet magtig die aftrekking van enige bedrag wat ingevolge ander bepalings "van hierdie Deel" toegelaat word om van die

inkomste van die belastingpligtige afgetrek te word. Die betrokke deel sluit in art. 26(1) waarna reeds verwys is. Dit volg dus dat die belasbare inkomste van 'n boer met inagneming van die aftrekkings waarvoor paragraaf 12(1) van die Eerste Bylae tot die Wet voorsiening maak, vasgestel moet word.

Ek het reeds kortliks na paragraaf 12(3) van die Eerste Bylae tot die Wet verwys. Dit lui soos volg:

"(3) Die bedrag waarmee die totale onkoste gedurende 'n jaar van aanslag ten opsigte van die in items (c) tot en met (j) van subparagraaf (1) bedoelde aangeleenthede deur 'n boer aangegaan, die belasbare inkomste (soos bereken voor die toestaan van die aftrekking van bedoelde onkoste en voor die insluiting soos hiema bepaal van bedoelde bedrag in die boer se inkomste) gedurende daardie jaar van aanslag deur hom uit boerdery verkry, te bowe gaan, word ingesluit by sy inkomste uit bedoelde boerdery vir daardie jaar en oorgedra en by die toepassing van subparagraaf (1) geag onkoste te wees wat gedurende die eersvolgende jaar van aanslag deur hom aangegaan is ten opsigte van die in genoemde items bedoelde aangeleenthede."

'n Boer kan natuurlik ook uit ander bronne as sy boerdery inkomste verkry. Die vernaamste, indien nie die enigste rede waarom paragraaf 12(3) op die wetboek geplaas is, was om te verhinder dat ontwikkelingskoste van inkomste uit sodanige ander bronne aftrekbaar is. Oorskry daardie koste 'n boer se andersins belasbare inkomste uit sy boerdery, word in effek die omvang van die oorskryding na die volgende belastingjaar oorgedra: Commissioner fbr

Inland Revenue v D and N Promotions (Pty)Ltd 1995(2) SA 296 (A) 305

D-F,

en Commissioner for Inland Revenue v Zamoyski 1985(3) SA 145(C) 147 H-J.

Indien die boer in 'n belastingjaar sonder inagneming van ontwikkelingskoste teen 'n verlies geboer het, moet, om redes wat later vermeld word, die totale bedrag van sy ontwikkelingskosté (plus enige saldo wat van die vorige jaar oorgedra is) na die volgende jaar oorgedra word. En in beide bogenoemde gevalle word die oorgedrae bedrag geag ontwikkelingskoste te wees wat in die

daaropvolgende belastingjaar aangegaan is.

In die lig van bogenoemde bepalings van die Wet kan die bevindings van die verhoorhof soos volg saamgevat word. Die IB48 vorms vir die 1984, 1986 en 1987 belastingjare het nie 'n aanslag soos omskryf in art. 1 van die Wet bevat nie. Meer bepaald het hulle nie "die vasstelling deur die Kommissaris ... van 'n verlies wat in vergelyking gebring kan word" tot inhoud gehad nie. Die rede is dat die appellant in geen van die drie belastingjare 'n wins uit sy boerdery gemaak het nie en dat die ontwikkelingskoste wat hy in elk van daardie jare opgeloopt het dus telkens geag moes word in die daaropvolgende belastingjaar aangegaan te gewees het. Daarom kon die koste wat in enige van die drie jare aangegaan is nie 'n verlies in die betrokke jaar meegebring het nie. Voorts was geen van die IB48 vorms 'n integrale deel van die toepaslike kennisgewing van aanslag nie, en wel omdat die ontwikkelingskoste geen rol in die aanslag

gespeel het nie.

In hierdie hof het die appellant se advokaat in eerste instansie gesteun op paragraaf (a) van die woordskrywing van "aanslag" in art.1 van die Wet, naamlik "die vasstelling . . . van 'n bedrag waarop 'n ingevoïge hierdie Wet hefbare belasting opgelê kan word." Die betoog was dat 'n IB48 vorm die berekening van belasbare inkomste uit boerdery bevat en daarom ten minste 'n integrale deel van die verwante kennisgewing van aanslag is. Die eenvoudige antwoord hierop is dat 'n mens in die onderhawige geval nie met 'n vasstelling soos bogenoemde ten doen het nie. In die 1984,1986 en 1987 belastingjare het die appellant immers telkens 'n verlies gely. Die resultaat was dat in elk van die betrokke kennisgewings van aanslag 'n verlies vasgestel is binne die raamwerk van paragraaf (c) van die omskrywing van "aanslag", naamlik 'n verlies wat in verrekening gebring kan word.

In die alternatief is aangevoer dat die bepaling van ontwikkelingskoste in die drie IB48 beskou moet word as die vasstelling van 'n verdere verlies wat die appellant gelyk het. Die argument het min of meer soos volg verloop.

Ingevolge art. 11(x), saamgelees met art. 26(1), van die Wet moet as aftrekkings toegelaat word enige bedrae wat ooreenkomstig die Eerste Bylae van die inkomste van 'n boer afgetrek kan word. Kragtens paragraaf 12(1) van die Bylae is ontwikkelingskoste aftrekbaar by die vasstelling van 'n boer se inkomste. Sodanige koste is dus 'n "vasgestelde verlies" soos bedoel in art. 20(2) tot die mate wat die koste andersins belasbare inkomste uit boerdery te bowe gaan. Dit synde so, is die bepaling van so 'n oorskot in 'n IB48 vorm die vasstelling van 'n verlies wat in verrekening gebring kan word.

My probleem met hierdie betoog is dat dit die bepalings van paragraaf 12(3) van die Eerste Bylae links laat lê, en dat paragraaf 12(1) juis onderhewig

aan die bepalings van onder andere eersgenoemde subparagraaf gestel is. Ten koste van herhaling moet weereens gesê word dat paragraaf 12(3) in werking tree slegs indien die ontwikkelingskoste wat in 'n belastingjaar aangegaan is, meer is as die boer se belasbare inkomste (sonder inagneming van sodanige koste) uit sy boerdery. Die koste moet in eerste instansie van daardie inkomste afgetrek word en die bedrag waarmee die koste die belasbare inkomste te bowe gaan ("die oorskot") moet dan weer bygetel word as deel van die boer se inkomste ten einde 'n nul resultaat te bereik (D and N Promotions, supra. op p305 E-F). Dit volg dus dat die onderstreepte woord nie dieselfde betekenis het as die belasbare inkomste wat inisieel in paragraaf 12(3) vermeld word nie. Na aftrekking van die ontwikkelingskoste is immers 'n minus posisie bereik en die oorskot moet dus by daardie syfer getel word.

Soos reeds genoem, word die oorskot dan oorgedra na die volgende

belastingjaar en geag ontwikkelingskoste te wees wat die boer in daardie jaar aangegaan het. Die rede hiervoor is duidelik. Die wetgewer wou naamlik verseker dat die oorskot ook in die toekoms slegs teen inkomste uit boerdery in verrekening gebring kan word.

Streng volgens woordlui is paragraaf 12(3) nie van toepassing nie op die situasie waarin 'n boer sonder inagneming van ontwikkelingskoste 'n verlies uit sy boerdery gely het en wel sodanige koste aangegaan het. In so 'n geval is daar immers nie sprake van 'n bedrag waarmee die koste die boer se andersins belasbare inkomste te bowe gaan nie. Die wetgewer het egter klaarblyklik beoog dat die subparagraaf ook op sodanige posisie van toepassing moet wees, en die appellant se advokaat het tereg nie tot die teendeel betoog nie. Die ontwikkelingskoste moet dus eers ingevolge paragraaf 12(1) afgetrek word en die volle bedrag daarvan dan weer as inkomste beskou word. Die eindresultaat

is dat die verlies wat sonder inagneming van ontwikkelingskoste bereken is, steeds die verlies is wat die boer in die betrokke jaar vanweë sy boerdery gely het. Die volle bedrag van die koste word dan soos voornoemd oorgedra.

Dit volg dus dat in die 1984, 1986 en 1987 belastingjare die appellant nie weens die aangaan van ontwikkelingskoste 'n "verlies wat in verrekening gebring kan word" gely het nie. Op die keper beskou, is sy verlies in daardie jare vasgestel, soos dit moes gewees het, sonder inagneming van sodanige koste. Weliswaar moes die koste na 'n volgende belastingjaar oorgedra word, maar slegs op die basis dat dit geag moes word in so 'n jaar aangegaan te gewees het. Die keersy van hierdie fiksie was dat die koste wat in, sê, die 1984 jaar aangegaan is, geag moes word nie in daardie jaar opgeloop te gewees het nie.

Ontwikkelingskoste wat oorgedra moet word, kan dus nie tuisgebring

word nie onder 'n "vasgestelde verlies" vir die betrokke jaar binne die raamwerk van art. 20(2) van die Wet nie. Indien dit anders was, sou ingevolge art. 20(1) oorgedrae ontwikkelingskoste in 'n volgende belastingjaar as 'n vasgestelde verlies teen inkomste verkry deur die boer ook uit 'n ander bedryf as boerdery in verrekening gebring kon word. En, soos reeds geblyk het, is paragraaf 12(3) juis daarop gerig om onder meer so 'n gevolg te verhoed.

Bostaande bring egter nie mee dat die appèl noodwendig moet misluk nie.

In elk van die tersaaklike drie belastingjare was daar wel 'n vasstelling van 'n verlies wat in verrekening gebring kon word. In abstracto kon daar dus beswaar teen die aanslag gemaak word. Die oorblywende vraag is of die beswaar slegs teen die uiteindelijke vasgestelde verlies, ofook teen die bepaling van 'n bedrag wat in die proses van die vasstelling gemaak is, gerig kon gewees het.

Ingevolge art. 81(1) van die Wet kan 'n beswaar teen " 'n aanslag"

gemaak word. 'n Mens is dus weer terug by die omskrywing van die begrip in art. 1 van die Wet. Normaalweg sal die vasstelling van 'n verkeerde syfer as 'n verrekenbare verlies te wyte wees aan die bepaling van 'n eweneens verkeerde bedrag wat in die proses van aanslag maak is. Daardie verkeerde syfer sou egter slegs die rede wees waarom die aanslag as sulks foutief is en daar derhalwe suksesvol beswaar daarteen maak kon word.

In die onderhawige geval bereik 'n mens egter nie eens bogenoemde posisie nie. Ek beklemtoon weereens dat in elk van die 1984, 1986 en 1987 belastingjare die ontwikkelingskoste geen rol gespeel het by die uiteindelijke vasstelling van die appellant se verrekenbare verlies nie. Trouens, die omvang daarvan was vir doeleindes van die vasstelling irrelevant. Ek vind dit dus moeilik om in te sien hoe 'n beswaar teen die bepaling van die omvang van die ontwikkelingskoste tuisgebring kon word onder 'n beswaar teen die vasstelling

van 'n verrekenbare verlies.

Hierdie beskouing word tot 'n mate onderskraag deur die bepaling van art. 81(4). Daarvolgens kan die respondent na ontvangs van 'n kennisgewing van beswaar die aanslag verminder of wysig of die beswaar van die hand wys.

'n Vermindering kom ter sprake indien 'n bedrag soos vermeld in paragrawe (a) en (b) van die woordskrywing van "aanslag" te hoog vasgestel is. 'n Wysiging is aangewese indien die werklike verlies meer as die vasgestelde verlies was. Die respondent is dus nie geroepe om " 'n beswaar" te oorweeg wat nie die juistheid van een van bogenoemde vasstellings aanveg nie.

Dit baat ook nie die appellant om aan te voer dat 'n IB48 vorm 'n integrale deel van die betrokke kennisgewing van aanslag is nie. Selfs al is dit so, verhef dit nie die bepaling van die omvang van ontwikkelingskoste tot deel van die aangeslane verlies nie.

Ek is gedagtig daaraan dat my bevinding tot 'n ietwat eienaardige resultaat aanleiding kan gee. Veronderstel dat 'n boer in 'n belastingjaar sonder inagneming van ontwikkelingskoste 'n verlies vanweë sy boerdery gely het; wel sodanige koste ten bedrae van R10 000 aangegaan het, maar die omvang daarvan in 'n IB48 vorm op slegs R7 000 bepaal is; byvoorbeeld omdat die respondent nie die egtheid van al die boer se syfers aanvaar het nie. In so 'n geval sal die koste wat na die volgende jaar oorgedra word dus ook net R7 000 beloop. Omdat die bepaling nie aan 'n beswaar onderhewig is nie, sal die boer dan moet wag totdat die onjuiste oorgedrae bedrag 'n effek op 'n toekomstige aanslag het alvorens hy die bepaling kan aanveg. Teen daardie tyd mag bewysstukke en getuienis wat voorheen beskikbaar was dit nie meer wees nie. Indien die bepalings van art. 81(1) van die Wet, saamgelees met 'die omskrywing van 'n aangeslane verlies, vatbaar was vir 'n ander betekenis as wat

3 ek reeds daaraan geheg het, sou bostaande gewig gedra het. Soos
geblyk het,

meen ek egter nie dat dit aldus vatbaar is nie.

Die appèl word met koste afgewys.

HJO VAN HEERDEN
ADJUNK HOOFREGTER

Stem saam:

Melunsky Wnd

AR

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

DIE HOOGSTE HOF VAN APPÈL VAN SUID-AFRIKA

Saak nommer: 193/96 (SIH)

Insake die appèl van

H J ODENDAAL

Appellant

en

DIE KOMMISSARIS VAN BINNELANDSE INKOMSTE Respondent

Coram: VAN HEERDEN AHR, HEFER, MARAIS, SCHUTZ ARR en
MELUNSKY Wnd AR

Datum van verhoor: 19 Februarie 1998

Datum gelewer: 13

Maart 1998

UITSPRAAK

HEFER AR

Ek het tot dieselfde slotsom as die Adjunk Hoofregter gekom.

Om die redes in sy uitspraak genoem, stem ek saam dat geeneen van die relevante IB48 vorms "die vasstelling ... van 'n bedrag waarop 'n ingevolge hierdie Wet hefbare belasting opgelê kan word", behels nie.

Ten einde 'n antwoord te vind op die vraag of dit die vasstelling behels van " 'n verlies wat in vergelyking gebring kan word", vind ek dit nie nodig om my uit te laat oor, of betrokke te raak by, die berekenings wat die voorskrifte van par 12(3) verg nie. Die eenvoudige vraag in hierdie verband is of die ontwikkelingskoste wat oorgedra moet word 'n verlies is wat in vergelyking gebring kan word; en die antwoord is dat dit nie die geval is nie omdat die betrokke koste geag word onkoste te wees wat in die eersvolgende jaar aangegaan is. Hierdie fiksie geld volgens die uitdruklike woorde van par 12(3) "by die toepassing van subparagraaf (1)" -die subparagraaf wat ontwikkelingskoste in eerste instansie as aftrekking toelaat. Die effek is dat daardie koste

hoegenaamd nie aftrekbaar is gedurende die betrokke belastingjaar nie. Daar kan dus geen sprake wees van 'n verlies wat in vergelyking gebring kan word nie. Soos aangedui in die D & N Promotions saak waarna my kollega verwys, kan die toepassing van par 12(3) 'n nul resultaat wat inkomste betref tot gevolg hê. 'n Minus resultaat word egter nie toegelaat nie.

Ek stem ook saam dat die bepaling van die bedrag wat ten opsigte van ontwikkelingskoste oorgedra word nie 'n integrale deel vorm van die vasstelling van 'n verlies wat in berekening gebring kan word nie. Soos my kollega aangedui het, het die appellant elke jaar, sonder inagneming van die ontwikkelingskoste, 'n bedryfsverlies gehad wat telkens in die IB48 bereken en in die ooreenstemmende IB34 gereflekteer is. Soos hy ook aangedui het, het die saldo wat ten opsigte van ontwikkelingskoste oorgedra is, geen rol gespeel by die vasstelling

van die bedryfsverlies nie. (Trouens, dit moes juis weens die voorskrifte van par 12(3) buite rekening gelaat word.) Indien gesuggereer word dat elke IB48 waarin 'n bedryfsverlies bepaal is onder par (3) van die

4 definisie as aanslag

kwalfiseer, en dat die bepaling van die
oordragsaldo ten opsigte van ontwikkelingskoste in dieselfde dokument
deel van die aanslag vorm, bly die antwoord myns insiens dieselfde:
hoewel dit fisies deel van dieselfde dokument is, vorm dit hier ook nie
deel van die daadwerklike vasstelling van die bedryfsverlies nie.

Ek stem saam dat die appèl afgewys moet word met koste.

J J F HEFER AR

Marais AR: Stem saam

In the matter between

H J ODENDAAL

Appellant

and

COMMISSIONER FOR INLAND REVENUE

Respondent

CORAM: VAN HEERDEN DCJ, HEFER, MARAIS, SCHUTZ JJA et
MELUNSKY AJA

DATE HEARD: 19 February 1998

DELIVERED: 13 March 1998

JUDGMENT

MARAIS JA

MARAIS JA

I have had the advantage of reading the judgments of my brothers Van Heerden, Hefer and Schutz. I agree with the two former for the reasons given by them. The reasons for my respectful inability to agree with the latter are these. The IT 48 form is referred to by him as a prescribed form. If it is indeed such, I do not think it takes the enquiry any further. There are many forms in use in the office of the Commissioner and they are not necessarily part of the assessments to which they relate nor of course are they all assessments in their own right. It is not entirely clear to me what the significance is of the observation that the initial error was not "adopted" by the taxpayer until 1991. Perhaps it is to allay any suspicion of fraud or misrepresentation. Be that as it may, the error certainly was "adopted" ("exploited" would more accurately convey what was done) as soon as it could be turned to account in any meaningful sense, i.e. in the year when a farming profit on current account eventuated.

I find nothing in the Act which lends any support to the idea that "parts" of an assessment of the kind here under consideration are to be regarded as if they are assessments in their own right, amenable to the objection and appeal procedures and therefore subject to the finality provisions contained in the Act. Errors of calculation made by an assessor may cancel one another out so that neither the amount upon which tax is chargeable nor the amount of such tax nor the loss ranking for set-off is wrong. The effect of the wrongful refusal by the Commissioner of a deduction of a particular character might be neutralised by an erroneous calculation by him elsewhere. In a certain sense these errors are no doubt "parts" of the assessment. However, even if errors such as these were to be ascertainable ex facie an assessment what is the taxpayer intended to be able to do about them? The taxable income attributed to him or the loss ranking for set-off is correct and so is the amount of tax payable. Against what then is he intended to be able to object? He will be unable to ask the courts to alter either of the

determinations. At best he could ask the court to provide more accurate reasons for reaching the same result. But in the main our law has long set its face against any such thing. Appeals and objections in our jurisprudence ordinarily lie against results and not against the reasons for reaching them.

The provisions of sec 77 (2) and (3) seem to me to hinder and not help the taxpayer. When read with the definition of "assessment" in sec 1 they show that, subject to the right to issue additional assessments, only one assessment of taxable income and the tax payable thereon per taxpayer per year is contemplated. No provision is made for separately and independently existing assessments of income from different sources and for the tax payable upon each such income to be separately and independently assessed. Provision is made for the separate calculation of income from various sources only as steps in the determination of a taxpayer's total taxable income and the tax payable is only capable of being calculated upon that total amount. It cannot be calculated piecemeal where income

has been derived from more than one income-generating activity. It would result in the same taxpayer having differing marginal rates of tax in the same tax year depending upon which income from which activity was being taxed. That would be of course tax heresy. In any event, even if it be assumed that the expression "particulars of any assessment" includes the calculations made and other steps taken by the Commissioner in making the assessment, it would not follow that

each of those "particulars" is amenable to objection and appeal when the assessment of what the taxpayer's obligations in that tax year are, is not being challenged.

I do not read my brother Van Heerden's judgment as confining the words

"alter" and "amend" in subsections 81 (4) and 83 (13) to the case where there is an objection to an assessed loss being set too low. I read it merely as an example given to counter the suggestion that there is nothing other than the sort of

error

under consideration here to which the word "alter" or "amend" could apply.

I have difficulty in understanding the example given by my brother Schutz of the taxpayer who might wish to challenge a closing stock figure decided upon by the Commissioner. My learned brother acknowledges that he can attack the figure by objecting to the assessed taxable income and tax payable figures but objects that he can do so only "by the unnatural means of seeking their increase". To my mind the taxpayer cannot have it both ways. He cannot demand that the stock figure be increased but in the same breath insist upon being taxed as if it had not been increased. Moreover, I find it difficult to comprehend how it would be possible for the taxpayer to achieve an alteration of the closing stock figure without that having a consequential effect upon his taxable income for the tax year in question and the tax payable by him for that year.

I consider that the law does indeed cater for both the fat and the lean years. In a year so fat that there will be a farming profit even if all the capital expenditure claimed has been deducted, but the taxpayer considers that some capital

expenditure has been wrongly disallowed, he will be able to object because the assessment of his taxable income and the tax payable for that year will be affected , by the disallowance. If, in a year fat enough to entitle capital expenditure to be brought to account but not fat enough to exhaust it, there is disagreement about the balance to be carried forward, that disagreement can be placed formally on record by the taxpayer by writing to the Commissioner and, if and when, in a subsequent year the correctness of that figure is material to the end result of the assessment of the taxable income and the tax payable, the opportunity of objecting to the figure carried forward by the Commissioner will arise because the end result will be open to objection. In the lean year, where no capital expenditure at all is allowed as a deduction and there is disagreement as to what amount should be carried forward, again the taxpayer's protest can be placed on record and, as in the previous example, when the correctness of the figure does materially affect the taxpayer's liability for tax in a particular year, he will be able to challenge it.

